# 'N NORMATIEWE BENADERING IN DIE KUNSWETENSKAPPE VANUIT 'N WETENSKAPSTEORETIESE HOEK

Prof. B. Duvenage

*ABSTRACT*

*It is stated that when the Christian scholar wishes to break with the idea of norm-free science, he has to hold a different view of reality and of man, as well as of science.*

*He outlines the main points to be considered in a doctrine of norms, refering specifically to the micro-level and to the macro-level of consideration. The diversity of norms is then discussed, culminating in the role of Scripture in the positivization of norms. Following an outline of the role of a philosophical deontology, the modal laws and norms are described. Subsequently there is a discussion of the field encompassed by these norms, viz. objective, motive means and consequences.*

*The conclusion is reached that the evaluation of a (literary) work of art is a complex matter. One cannot stop at the micro-level. The approach outlined here moves from the macro-level to the micro-level, but there are also other routes.*

## PROBLEEMSTELLING

Die idee van ŉ normvrye wetenskap staan direk in verband met ŉ bepaalde wetenskapstradisie naamlik die Positivisme en die Logiese Positivisme. Op sy beurt lê daar agter hierdie wetenskapsbeskouings ŉ bepaalde werklikheidsbeskouing en ŉ bepaalde mensbeskouing.

Die werklikheidsbeskouing wat ten grondslag van die sogenaamde waardevrye of normvrye wetenskap lê, is ontleen aan Kant se onderskeiding tussen feit en waarde. Die wetenskap sou dan slegs met feite te doen kry, terwyl ŉ lewensbeskouing

of geloof wel met waardes mag werk. Hiervolgens het opvoeding byvoorbeeld wel met norme te doen, maar Opvoedkunde alleen met die feite van die opvoedingsverskynsels.

Die mensbeskouing wat agter die sogenaamde normvrye wetenskap lê, is veral ontleen aan Hume se onderskeiding van die kognitiewe of rasionele vermoe van die mens en sy emosionele of affektiewe vermoë wat op sy geloof en norme betrekking het.

Wanneer ons as Christenwetenskaplikes dus wil breek met die idee van normvrye wetenskap, dan hou dit in dat ons nie slegs ŉ ander werklikheidsbeskouing daarop sal nahou nie, maar dat ons ook ŉ ander mensbeskouing en ŉ ander wetenskapsbeskouing sal huldig.

Daarom is die beoefening van Christelike wetenskap, *in casu* kunswetenskappe, nie slegs ŉ kosmetiese verandering nie. Dit impliseer nie maar dat enkele Bybeltekste hier en daar aan bod kom nie.

Die probleem wat ons in hierdie studie besig hou, is dan hoe ons ŉ wetenskapsmodel kan ontwerp wat aan ŉ Bybels gefundeerde werklikheidsbeskouing en mensbeskouing reg kan laat geskied.

Dit is eers nodig om enkele lyne uit die werklikheidsbeskouing en die daarmee samehangende normeleer te trek om sodoende ŉ geheeloorsig te probeer bied van die wetenskapsteoretiese aktiwiteit wanneer die Christenwetenskaplike op ŉ normatiewe wyse ŉ evaluering wil gee van ŉ kunswerk.

HOOFLYNE UIT DIE NORMELEER

Daar is twee roetes moontlik by die waardering of evaluering van ŉ (literêre) kunswerk. Die een roete is om by die *mikrovlak* te begin en vandaar in die oopvouende spiraal na die mesovlak en makrovlak te beweeg. Die ander roete is om by die *makrovlak* te begin en dan in te kring na die mikrovlak. Die persoonlike

aanleg en "ligging" van die wetenskaplike behoort hier die deurslag te gee. Miskien sal iemand met meer filosofiese aanleg eers die roete volg om van die makrovlak na die mikrovlak te beweeg en dan weer terug. Dit is die roete wat ek hier volg (vergelyk aangehegte diagram).

Die begronding van norme

Die verskeurdheid van die wetenskap kom nêrens so duidelik na vore as juis by die vraag na die begronding van die norme nie. Weliswaar is dit so dat daar in baie menswetenskappe deur baie wetenskaplikes nie eers plek ingeruim word vir 'n normatiewe benadering nie; dit op voetspoor van die Positivisme en ook die Logiese Positivisme. Maar ook wanneer die hantering van norme wel aanvaar word, dan kom die vraag na die bronne van die norme en die begronding van die norme dadelik as 'n twisappel na vore.

Wie byvoorbeeld slegs die outonomie van die kunswerk aanvaar, sluit alle norme wat daarbuite staan, direk uit. So 'n standpunt word dikwels in die naam van objektiwiteit ingeneem, maar dit hou nie rekening met die konsepsuele raamwerke en perspektiewe van die kritikus wat juis in so 'n opvatting 'n pertinente rol speel nie.

Ons sou hier kon praat van 'n *heteronome* begronding van die norme omdat die waarde van die veld van ondersoek hier as die normgewer optree.

'n Ander vorm van heteronome begronding is byvoorbeeld die beroep op 'n outoriteit of 'n tradisie. Ook die opinie van die meerderheid kan soms as deurslaggewend gereken word. (Enkele jare gelede het Jan Mellet in *Die Transvaler* met die voorstel gekom dat by omstrede letterkundige werke eerder die meerderheid se standpunte getoets moet word as daar oor moontlike sensuur geredekawel word). Hier kry ons dus 'n kwantifisering van norme.

'n Volgende begronding van norme is aan die kritikus self ontleen. Dit word gewoonlik die *outonome* begronding genoem en word dikwels vanweë die subjektiewe karakter daarvan maklik afgeskiet. Tog sit daar ook 'n waarheidsmoment in, iets wat veral deur die resepsieteorie oorgeneem word. Die persoonlike normsisteem van die kritikus word dan as deurslaggewend beskou en al die onus word op die leser, toeskouer, adressaat geplaas terwyl die kunswerk self asook die kunstenaar buite skot geplaas word. Juis omdat daar iets geldigs in die outonome begronding sit, is selfkritiek in elke wetenskap belangrik.

Hoewel 'n derde vorm van normbegronding nie algemeen aanvaar word nie, mag daar nie teruggedeins word om dit in berekening te bring nie. Dit is die *teonome* begronding. Hoewel daar deur die Christen wel toegegee word dat die wil van God op alle lewensterreine van toepassing moet wees, is daar nie altyd duidelikheid oor hoe dit moet gebeur nie. *Dooyeweerd* het die Bybelse grondmotief as 'n regulatiewe prinsiep aanvaar en aangetoon hoe die religieuse gerigtheid van die hart van die mens sy teoretiese denkhouding radikaal beïnvloed. Die bedoeling van die transendentale denkkritiek is juis om die lewensbeskoulike of religieuse uitgangspunte agter 'n skrywer se werk te ontdek. Daarby was dit juis Dooyeweerd se greep om die gebondenheid aan norme wat eie is aan die wetsubjekte, te beklemtoon.

Ook *Stoker* maak ruimte vir die "religious beliefs" wanneer hy oor norme ten opsigte van die wetenskap handel (1970: 181). En in sy latere fase voer hy die pleit vir die "contextual approach" en daartoe reken hy ook "very fundamental contextual views e.g. the general truths of God's Wordrevelation" (1967: 140).

Daar kan ook nog na Wolterstorff (1976: 63), Calvin Seerveld (1964) en H. Rookmaker (1970) verwys word. (vgl. ook B. Duvenage, 1983: 84 e.v.).

Die verskeidenheid van norme

*Lewensbeskoulike agtergronde of posisiekeuse*

Oor die vraag watter norme by die evaluering van 'n (literêre) kunswerk van toepassing is, kan nie uitsluitsel verkry word sonder om die religieuse posisiekeuse in berekening te bring nie. Wanneer daar uitgegaan word van 'n teosentriese lewensbeskouing, impliseer dit dat met die eenheid van die skepping en Skrif in Christus rekening gehou sal word, dat sekere fundamentele Skrifperspektiewe, soos byvoorbeeld die religieuse liefdeswet, in ag geneem sal word. Maar ook dat die wetmatighede wat in die skepping ontdek of oopgedek word, na die bevel van God tot die ordelike bestaan van die dinge herlei moet word.

Wanneer daar egter van 'n kosmosentriese lewensbeskouing uitgegaan word byvoorbeeld die Humanisme of Rasionalisme, dan bestaan die onmiddellike probleem van reduksionisme omdat dan uitsluitlik op estetiese kriteria of op taalkundige kriteria teruggeval word. In die individualisme van die Humanisme kan alleen op die outonome begronding van sodanige norme teruggeval word (vergelyk A. Storkey, 1979: 32).

Vanweë die integrale karakter van elke lewensbeskouing word hierdie lewensbeskoulike oortuigings in elk geval sigbaar op een of ander wyse.

*Die Skrif en die positivering van norme*

Die volgende standpunte is onaanvaarbaar:

* die vereenselwiging van die Skrif met teologiese uitsprake;
* Biblisisme of fundamentalisme wat met los tekste opereer en die Skrif buite sy skopus wil gebruik;
* 'n wetenskaplike gebruik van die Skrif sonder om die basiese hermeneutiese reëls toe te pas;
* afleidings maak uit die Skrif oor dinge waarvan die Skrif swyg.

Die volgende voorwaardes geld by die positivering van norme uit die Skrif:

* Daar moet rekening gehou word met die skopus of openbaringskarakter van die Skrif naamlik om die gevalle mens tot geloof in God deur Christus te bring.
* Die Skrif vervang nie die skeppingswerklikheid as primêre bron vir die wetenskappe nie, maar plaas dit in 'n bepaalde raamwerk (vergelyk B. Duvenage, 1981: 20).
* Daar moet onderskei word tussen Skrifperspektiewe en tersaaklike Skrifgegewens. Onder eersgenoemde word die groter raamwerke verstaan waarin alle dinge in verhouding tot God gesien word. Daar is verskillende van hierdie perspektiewe byvoorbeeld skepping, sondeval, verlossing of die perspektief van die koninkryk van God, of die perspektief van die verbond.
* Die tersaaklike Skrifgegewens het te make met besonderhede waaroor die Skrif lig werp maar dit moet binne die groter perspektief of skopus verstaan word. So gee die Skrif byvoorbeeld oor die huwelik, gesag, die owerheid, rykdom, die arme ensovoorts uitsprake; en hoewel die Skrif oor hierdie sake handel binne 'n bepaalde historiese konteks, kan daar sekere "pointers of rigtingwysers van blywende betekenis daaruit afgelei word.
* Tot die belangrikste hermeneutiese reëls hoort dat Skrif met Skrif vergelyk moet word; dat elke soort of genre volgens sy aard verklaar moet word; dat 'n tersaaklike gegewe binne die skopus van die Skrif verstaan moet word.
* God het sy liefdeswet aan die mens gegee, en alle mense is daaraan gebonde. Die gelowige wil dit egter ook "vrywillig" onderhou. Hierdie wet kan ook die grondnorm van die Koninkryk genoem word en funksioneer regulatief by alle menslike handele. Dit neem ook soms ander gestaltes in die Skrif aan, byvoorbeeld in die verhouding van die indikatief van burger-wees met die imperatief om as burger te handel. Daarom die eis: Doen alles tot verheerliking van God.

* Die belangrikste aspekte van die *perspektief van die Koninkryk* is die volgende:
- Alle skepsele staan onder die heerskappy van God, en die sin van alles kan en moet vanuit die verhouding tot God ontdek word.
- Hy het wette gegee vir die skepsele, en nieteenstaande

die sonde, voer God sy heerskappy onder meer deur hierdie wette uit.

- Daar is 'n onherleibare verskeidenheid in die skepping.
- Die heerskappy van God word deur Satan as die antimag betwis. Die kwaad openbaar 'n antinormatiewe karakter daarin dat dit juis teen die wet van God ingaan. Alle skepsele en ook dit wat die skepsele tot stand bring is aan die mag van die kwaad onderhewig.
- Christus verlos eers die mens en maak van hom 'n "nuwe skepsel", 'n burger van die Koninkryk.
- Die Koninkryk het verskillende bedelinge. In die bedeling tussen die eerste en die tweede koms van Christus duur die stryd teen die antimag voort.
- Die taak van die burgers van die Koninkryk is om op elke gebied op eie tipiese wyse uitdrukking te gee aan hierdie gehoorsaamheid aan die wet van God.

Op die gebied van elke wetenskap is daar ook die stryd tussen standpunte wat in meerdere of mindere mate rekening hou met die verhouding tot God.

***Die rol van 'n filosofiese deontologie (normeleer)***

Uitgaande van die skrifperspektiewe is daar in die reformatoriese tradisie 'n werklikheidsleer (Ontologie) ontwikkel wat wel vir die verskillende wetenskappe betekenisvol is.

Die deontologie wat direk daarmee saamgaan, hou dan rekening met sowel die religieuse liefdeswet as die wette in die skepping. (In hierdie tradisie is daar ook verskil van mening veral ten opsigte van die plek van norme wat uit die Skrif gepositiveer word asook oor die vraag of daar van skeppings*beginsels* gepraat kan word).

Voorop staan egter dat die wette wat in die skeppingsgegewe ontdek word prinsipieël nooit met die Skrif kan bots nie, maar dat ons kennis van die Skrif en van die wette wel so gebrekkig kan wees dat daar 'n skynbare teenstrydigheid kan wees.

In die Christelik filosofiese deontologie word dan verskillende wette en norme onderskei. (In ons terminologie neem 'n wet die karakter van 'n norm aan wanneer dit die mens oproep tot gehoorsaamheid. Daarom moet natuurwette waaraan die mens onderworpe is, onderskei word van kultuurnorme en religieuse norme wat hy moet gehoorsaam).

*Modale wette en norme*

In aansluiting by die onderskeiding van die werklikheid in verskillende modaliteite wat eerder as "antwoorde" of "antwoordingsmoontlikhede" van die skepsele gesien moet word, kan die volgende modale wette geïdentifiseer word:

Godsdienstige of geloofsnorme, etiese norme, juridiese norme, estetiese norme, ekonomiese norme, taalkundige norme, logiese norme, psigiese wette, biotiese wette, fisiese wette, ruimtelike wette, aritmetiese wette. Hierby moet die volgende in gedagte gehou word:

* Elkeen van hierdie modale fasette het 'n eie aard. So is dit juis 'n kunswerk wat as estetiese objek gemeet kan word aan die *identiteitsnorm* van die estetiese. Die kritikus maak dan van hierdie norm gebruik om te bepaal of die kunswerk wel inderdaad kuns is.

* Elkeen van hierdie modale fasette hang saam of is *konteks-tueel* gebind aan die ander. Daarom geld nie uitsluitlik estetiese norme nie, maar daar is 'n band met die psigiese, die etiese, en ook die religieuse. Die modale norme kan nie op hul eie bestaan nie, maar is verstrengel met mekaar en met die religieuse liefdeswet of uit die Skrif gepositiveerde norme.

Die identiteitsnorm van byvoorbeeld die estetiese kan verskillend geïdentifiseer word. So het Dooyeweerd van die "skone harmonie" gepraat, terwyl Seerveld (1964:

39) skryf: "Art is the symbolical objectification of certain meaning aspects of a thing, subject to the law of coherence". En later het hy "coherence" vervang met "allusiveness".

Tot hierdie identiteitsnorme waaraan 'n kunswerk moet voldoen om 'n literêre kunswerk te wees, word deur Cloete (1982) ten opsigte van 'n gedig onder andere die volgende gereken:
klank, ritme, woordbetekenis, sintaksis, gebeure, tyd, ruimte, persoon, perspektief, tektoniek, komposisie.

*struktuurnorme*

Onder die struktuur van 'n kunswerk word die totale opbou verstaan, en daarom kan die verskillende samehange of kontekste ook tot die struktuur gereken word. En die struktuurvorm wat dan ten opsigte van 'n kunswerk aangelê word, kan dan sien op die omvattende geheel van die kontekste en perspektiewe wat by die verklaring en evaluering van 'n kunswerk in berekening gebring moet word. Dit sluit dan ook die invloed van die religieuse norm in. Vanselfsprekend sal 'n struktuuranalise dan met al die verskillende norme rekening moet hou. Die samehangsnorme kom hier duidelik in sig.

*Situatiewe norme*

Hierdie soort norme kan wat die letterkundige kunswerk betref, van toepassing gemaak word op die eiesoortigheid van die genre, op die historiese situasie waarin 'n kunswerk ontstaan en/of beoordeel word. So het die Sestigerkuns 'n eie stempel waarmee rekening gehou moet word. Die Impressionisme het ook 'n eie styl waarmee rekening gehou moet word.

Hierdie norm staan egter altyd onder die leiding van die struktuurnorme en kan nie deurslaggewend hanteer word nie.

Sulke norme funksioneer as maatstawwe om 'n waarde-oordeel uit te spreek en hang nie alleen aan die vraag of die kunswerk werklik kuns is nie, maar ook of dit goeie kuns is of nie.

## DIE WERKINGSVELD OF REIKWYDTE VAN DIE NORME

Gewoonlik word daar in die normeleer veral vier velde onderskei waarop die norme funksioneer naamlik, die doel, die motief, die middele en die gevolge.

Kunskritici moet die saak uitmaak in hoeverre elkeen van hierdie velde by die beoordeling van 'n kunswerk van belang is.

Hier word slegs kursories enkele lyne aangestip.

### Die doel van die kunswerk

Wanneer hierdie aspek onder die soeklig van die genoemde norme gestel word, kan die volgende vrae na vore kom:

Beantwoord die kunswerk daaraan om 'n simboliese vormgewing van die werklikheidsaspek te wees? Seerveld (1964: 105): "How does the literature meet the norm in all its ... structural moments?"

Hoewel die hele werklikheid verestetiseerbaar is, bevat die kunswerk onder bespreking 'n korrektief wanneer dit oor die slegte of abnormale handel of word die abnormale as normaal aangebied?

### Die motief van die kunstenaar

Dit is 'n ope vraag of die intensie van die kunstenaar ook onder beoordeling moet kom by die evaluering van

'n bepaalde kunswerk. In elk geval is dit duidelik dat die kunstenaar ook aan die norme gebonde is en is dit dikwels nie duidelik of die kunstenaar sy kunswerk in diens van die kwaad stel of van die goeie tot verheffing van die leser en die mensheid. Seerveld (1964: 105): "What Spirit moves the literature?"

Die styl van die kunswerk as middel van die kunstenaar om sy doel te bereik

Hieronder kan die hele struktuur van die kunswerk in berekening gebring word. Seerveld (1964: 105): "What meanings have been imaginatively objectified and presented to the reader symbollically?"

Die invloed van die kunswerk

Ook hierdie aspek moet aandag kry omdat elke kunswerk 'n bepaalde "boodskap" dra. Seerveld (1964: 105): "What meanings have been imaginatively objectified and presented to the reader symbolically, and how deep, richly complicated and hallelujahing a reality shows up in the captured meanings?"

**NORME EN DIE MESOVLAK VAN BEOORDELING**

Daar kan kortliks nog gelet word op die norme wat met die mesovlak van die perspektiviese raamwerke wat die beoordelaar gebruik by die evaluering van 'n kunswerk, in verband staan.

Tot hierdie vlak behoort:

*tersaaklike Skrifgegewens* wat in die teks ter sprake gebring word of waarna verwys word.

As voorbeeld kan verwys word na byvoorbeeld die gebruik van die Naam van die Here op 'n oneerbiedige wyse of wanneer promiskuïteit as normaal aangeprys sou word.
*vakfilosofiese materiaal* soos byvoorbeeld die vraag na

die identiteitsnorme van kuns asook watter intrinsieke en ekstrinsieke samehange of kontekste ter sprake moet kom.

*verskillende (literêre) teorieë* ten opsigte van beoordeling byvoorbeeld die metafoorteorie van Black ensovoorts, waarby dan die uitgangspunte van sodanige teorieë ook onder die loep geneem moet word, of kunskritiese teorieë byvoorbeeld Impressionisme.

SAMEVATTING

Dit het duidelik geword dat die evaluering van 'n (literêre) kunswerk nie 'n eenvoudige saak is nie, maar inderdaad hoë eise stel as daar na 'n omvattende beoordeling gestreef word.

In elk geval is ook duidelik dat daar nie slegs by die mikrovlak opgehou kan word nie.

Ten slotte moet dit weer duidelik gestel word dat bostaande benadering van die makrovlak na die mikrovlak beweeg en dat daar ook ander roetes moontlik is.

DIAGRAM

Oorsig oor 'n wetenskapsmodel met sy kontekste en konsepsuele raamwerke

| Konsepsuele raamwerke<br>Makrovlak | Mesovlak | | Mikrovlak |
|---|---|---|---|
| Skrifperspektiewe | Relevante Skrifgegewens | | Kunswaardeerder as kensubjek |
| Lewensbeskoulike uitgangs-<br>punte | Vakfilosofie | | ↓ |
| Werklikheidsbeskouing | Teorieë oor kritiek | | |
| Mensbeskouing | bv. metafoorteorie | | |
| Normeleer | resepsieteorie | | |
| | | | |
| Kontekste of samehang | | | |
| Makrokontekste | Kleiner kontekste | | Kunswerk as kenobjek |
| Die kunswerk en die ver-<br>houding tot God | Ekstrinsieke<br>samehange | Intrinsieke<br>samehange | Identiteitskenmerke bv.<br>styl |
| ... die mens | | | ritme |
| ... die samelewing | Samehang van | Modale momente | Klank |
| die oeuvre van die kunste- | entiteite | in kunswerk | woordbetekenis |
| naar | bv. kunswerk en | bv. psigiese | sintaksis |
| | ekonomiese waarde | | opbou (tektoniek) |
| | | | komposisie |

BIBLIOGRAFIE

CLOETE, T.T. 1982. Hoe om 'n gedig te ontleed. Pretoria: Academica.

DUVENAGE, B. 1981. Wetenskap en norme. Potchefstroom: Departement Wetenskapsleer.

DUVENAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap. Potchefstroom: Bentoti.

ROOKMAKER, H. 1970. Modern Art and the Death of Culture. London: Inter-Varsity Press.

SEERVELD, C. 1964. A Christian Critique of art and literature. Toronto: The Association for Reformed Scientific Studies.

STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en Rigting II. Kaapstad: Tafelberg.

STOKER, H.G. 1976. Our Christian calling of doing science. (*In* Christian Higher Education - The comtemporary challenge. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.)

STORKEY, A. 1979. A Christian Social Perspective. Leicester: Inter-Varsity Press.

WOLSTERSTORFF, N. 1976. Reason within the bounds of religion. Grand Rapids: Eerdmans.